Mediaverklaring

21 Oktober 2020

Nóg een van die ergste brande – hulp nóú nodig

Agri SA het vandag 'n skenking van R300 000 aan Vrystaat Landbou gemaak om geaffekteerde boere en plaaswerkers weens die verwoestende brande in hierdie tyd van nood by te staan.

Meer as 100 000 hektaar weiveld is in 'n verwoestende brand die afgelope vier dae in groot gedeeltes van die Vrystaat en Noord-Kaap vernietig. Honderde stuks vee, wild en selfs huise is geheel en al verwoes. Boshof, Dealesville, Hertzogville en Hoopstad is van die gebiede wat deur die verwoesting geraak is. Dié brand het in 'n noordwestelike rigting na Boshof in die Noord-Kaap beweeg. Tans is die vure onder beheer, maar lede van Vrystaat Landbou asook die FS Sambreel BBV (Brand Beskermingsvereniging) hou 'n wakende oog oor die situasie.

Volgens Vrystaat Landbou, is 'n brand veroorsaak deur betogers wat bande aan die brand gesteek het tydens 'n diensleweringsprotesaksie. Dit is verder deur sterk winde aangedryf wat grootliks oor die Vrystaat provinsie voorgekom het. Talle vrywilligers en boere het saamgewerk om die vure te blus. Dit het ook tot ernstige beserings onder die helpers gelei.

Vrystaat Landbou en Agri Noord-Kaap is besig om 'n opname op grondvlak te doen om die omvang van die skade te bepaal. Die dringendste behoefte is om boere by te staan met die herstel van infrastruktuur soos heinings om vee wat tydens die brande gevlug het, te beveilig. Veevoer en die vervoer daarvan is ook van kritieke belang.

Agri SA doen 'n beroep op die privaatsektor om skenkings direk aan Vrystaat Landbou te maak. Voornemende donateurs kan met Elize Spence by Vrystaat Landbou skakel deur haar by elize@vslandbou.co.za of 051 444 4609 te kontak. Finansiële bydraes kan as volg aan Vrystaat Landbou se rampfonds gemaak word:

- Vrystaat Landbou
- ABSA
- Rekeningnr: 470940670
- Takkode: 632005
- Verwysing: RAMP+ selnommer

Navrae:

Willem Symington
Hoof van Agri SA Rampbestuurseenheid
(S) 084 592 7474

Francois Wilken
President: Vrystaat Landbou
(S) 083 390 1831

Andrea Campher
Agri SA se Ramprisikobestuurder
(S) 079 8872174